


miere maak hul neste in holtes in die stamme of selfs in vergrote doringe, soos by die kameeldoring. Hulle beskerm die plante teen natuurlike vyande maar kry in ruil ook verblyf en voedsel. Die voedsel word beskikbaar gestel in die vorm van 'n soet afskeiding afkomstig van kliere wat op die blaarstele of selfs die ragis van die blare voorkom. Die kliere kom gewoonlik op blare van langtakke voor, terwyl hulle ontbreek by blare van korttakke (bragioblasse).


BESTUIWING EN SAADVORMING

Kenmerkend van die hele familie Mimosaceae waaraan die genus *Acacia* behoort, is die vorm van die stuifmeel. Stuifmeelkorrels kom nie as enkel korrels voor nie, maar kom in groepe voor wat poliades, genoem word. By die Suid-Afrikaanse soorte bestaan elke poliade uit 16 of meer stuifmeelkorrels. Soorte wat aan die subgenus *Acacia* behoort se stuifmeelkorrels is gegroef (Figuur 1), terwyl die wat aan die subgenus *Vulgares* behoort, gladde stuifmeelkorrels bevat (Figuur 2). By die Kameeldoring (*Acacia erioloba*) en *A. albida* (*Feidherbia albida*) kom 32 stuifmeelkorrels per poliade voor.



Figuur 1

Poliade van *A. karroo*



Figuur 2

Poliade van *A. caffra*

Daar is 'n opvallende verband tussen die aantal stuifmeelkorrels per poliade en die aantal sade wat per peul voorkom. Die poliades is skyfvormig en pas presies in die holte van die stempel. Elke stempel kan slegs een poliade huisves. Die gevolg is dat daar vir die meeste soorte slegs 16 stuifmeelkorrels vir elke peul beskikbaar is. Een stuifmeelkorrel kan slegs een saadknop bevrug en daarom sou dit sinneloos wees as die peul meer as 16 saadknoppe sou bevat. Die feit is dan ook dat peule van die meeste soorte minder as 16 sade bevat. By *A. erioloba* en *A. albida* waar 32 stuifmeelkorrels per poliade voorkom, kom daar meer as 16 sade per peul voor.